10

DIE BOODSKAP VAN JESUS CHRISTUS HET BY MY UITGEKOM

Die kerk se geskiedenis vorm ook deel van my geloofsverhaal

PRAKTYKLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet die gebeure van Lesse 7 tot 9 in volgorde op ’n tydlyn kan aandui.

SPESIFIEKE DOELSTELLINGS

Kennis

Die kinders moet weet dat die kerk ’n geskiedenis het wat baie verder strek as ons eie lewensduur.

Gesindheid

Die kinders moet dankbaar wees dat hulle kerkfamilie ook ’n stamboom en ’n familienaam het wat terugdateer tot by Jesus.

Vaardigheid

Die kinders moet die tersaaklike kaarte of papiere in volgorde op ’n tydlyn kan uitpak.

MEER INLIGTING

Ons het in die vorige drie lesse beleef hoe die blye boodskap oor Jesus vanaf net 11 dissipels uitgekring het van die Middellandse See tot oor die hele wêreld.
Die wonder van alles is dat dit die rede is waarom die boodskap oor Jesus by jou uitgekom het.
Die boodskapper wat vir jou van Jesus vertel het, is oor baie jare en plekke deel van die boodskappers van God wat terugdateer tot by die dissipels.

In hierdie les gaan ons ’n paar name en gebeure op ’n tydlyn uitpak sodat ons die groter prentjie van tyd en afstand van die geskiedenis van die boodskap oor Jesus kan sien.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Die Bybel.
- Die 18 kaarte of papiere waarop die name van die persone en gebeure uit Lesse 7, 8 en 9 neergeskryf is: *Stefanus sterf, Saulus word bekeer, Paulus se eerste sendingreis, Paulus se tweede sendingreis, Paulus se derde sendingreis, Paulus se reis na Rome*, *Amp van biskop, Keiser Konstantyn word 'n Christen, Die kerk word Staatskerk, Karel die Grote word keiser, Kruistogte begin, Kerkhervorming. Augustinus gebore, Augustinus gedoop, Martin Luther gebore, 95 stellings opgesit, Luther geskors, Duitse Bybel verskyn.*
- Een of twee tafels wat 'n lang genoeg oppervlak skep om die 18 kaarte in een lang lyn uit te pak.
- 5 papierborde waarop onderskeidelik geskryf staan 35 nC, 100 nC, 500 nC, 1000 nC, 1500 nC.
- 'n Tou of lint wat oor die lengte van die uitpaktafels sal strek om as voorstelling van die tydlyn te dien.
- 'n Kussingsloop of 'n koevert.

KOM ONS BEGIN

Lees Gesang 284 voor as 'n gebed.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei…
waar haat is, laat ek daar u liefde bring.
Laat ek in pyn en smart vertroostend wees
en krag gee deur geloof in U, o Heer.

O Heer, help my om altyd so te leef –
om ander hoër as myself te ag,
ja, om lief te hê – ander bo myself –
en ook eerder te gee as te verwag.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei…
en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.
Ek wil u lig in duisternis laat skyn.
Laat ware vreuge altyd uit my straal.

O Heer, help my om altyd so te leef –
om ander hoër as myself te ag,
ja, om lief te hê – ander bo myself –
en ook eerder te gee as te verwag.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei…
leer my om ook soos U te kan vergeef.
Maak my bereid om aan myself te sterf,
dat ander U al meer in my kan sien. Amen.

HET HULLE ONTHOU?

- Kyk hoeveel kinders in staat is om die memoriseerteks van verlede week op te sê.
- Kontroleer of hulle die papier met hulle foto's en hulle gawes, drome en voornemens daarop voltooi en saamgebring het.
- Laat hulle die volgende bespreek:
  - Ek het die volgende gawes tot nou toe in my lewe ontdek…
  - My drome vir die toekoms is…
  - Ek sal die Here baie graag op die volgende maniere wil dien…
  - Ek sal ander mense baie graag op die volgende maniere wil dien…
- Lê weer klem daarop dat die Here ons wil gebruik in sy kerk al voel dit vir ons dat ons nie slim of sterk of mooi of groot of oud of begaafd of spesiaal genoeg is nie.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

- Ons gaan vandag op 'n praktiese manier hersiening doen oor Lesse 6, 7 en 8.
- Ons gaan uit hierdie drie lesse die 18 kaarte of papiere met name daarop gebruik om 'n volgorde van die geskiedenis (chronologie) te maak.

IETS INTERESSANT

Behandel die kort inleiding by **MEER INLIGTING** met die groep.

IETS BELANGRIK

Dit is nie belangrik dat die kinders die presiese datums van die gebeure op die tydlyn onthou nie; die klem moet op die regte volgorde geplaas word.

IETS OM TE DOEN

- Skommel die volgorde van die kaarte of papiere van Lesse 7, 8 en 9 deurmekaar en plaas dit in 'n kussingsloop of koevert.
- Plaas die papierborde met die tydperke op die tafel uit soos in die volgende voorbeeld:



- Span ook die tou of lint op die tafel soos op die voorbeeld.
- Laat die kinders in groepies van twee 'n kaart of papier uit die kussingsloop of koevert neem en dit op die tydlyn gaan plaas.
- Help die kinders om uiteindelik die 18 kaarte of papiere in die volgende volgorde te voltooi:

  Van links na regs: *Stefanus sterf (40 nC), Saulus word bekeer, Paulus se eerste sendingreis (46 nC), Paulus se tweede sendingreis (49 nC), Paulus se derde sendingreis (53 nC), Paulus se reis na Rome (58 nC), Amp van biskop, Keiser Konstantyn word 'n Christen (313 nC), Augustinus gebore (354 nC), Augustinus gedoop (387 nC), Die kerk word Staatskerk (380 nC), Karel die Grote word keiser (800 nC), Kruistogte begin (1095 nC), Martin Luther gebore (1483 nC), 95 stellings opgesit (1517 nC), Luther geskors (1521 nC), Duitse Bybel verskyn (1534 nC) Kerkhervorming (1517 en verder).*

- Na afloop van die aktiwiteit is dit baie belangrik om al die name of gebeure in die lyn weer kortliks te behandel en die kinders te herinner aan die agtergrond van elke naam of gebeure sodat die chronologie duidelik word.
- Met groot klasse kan die uitpakdeel van die oefening selfs in twee of selfs meer groter groepe plaasvind, met 'n kompetisiekomponent. Meer as een stel kaarte of papiere en tafel, ensovoorts, sal dan nodig wees.

BY DIE HUIS

DOEN

Die kinders gaan hierdie week kennis maak met die geskiedenis van hulle tuisgemeente. Vir hierdie doel kan die kinders in groepe verdeel word, of individueel werk aan die volgende opdrag:

- Laat hulle hierdie week gaan navorsing doen oor hulle eie gemeente se geskiedenis. Hulle moet hulle ouers vra om te help om die regte persone op te spoor of bronne te raadpleeg om die volgende feite te versamel en hieronder neer te skryf. Kategete moet self ook die regte inligting bekom.

- Naam van ons gemeente: .....

- Wanneer is die gemeente gestig? .....

- Het die gemeente van 'n ander gemeente afgestig? .....

- Watter gemeente? .....

- Hoeveel lidmate was tydens die stigting in die gemeente? .....

- Skryf enige inligting neer oor die ontstaan van die gemeente.

  .....

- Vind die volgende uit oor die kerkgebou:
    - Wie het dit ontwerp?

      .....

    - Wie het dit gebou?

      .....

    - Was daar enige aanbouings?

      .....

- Wie was die predikant/e wat in die laaste 10 jaar in die gemeente werk of gewerk het?

  .....

- Watter inligting is beskikbaar oor die eerste dopeling of dopelinge?

  .....

- Wat staan op die hoeksteen van die kerkgebou of -kompleks?

  .....

  .....

- Wat het jy uitgevind oor die musiekinstrument wat die gemeente gebruik?

  .....

- Hoe lank is julle gesin al deel van die gemeente? .....
- Kan jy nog onthou wie jou kategete was van graad 1 af tot nou? Skryf die name neer van dié wat jy kan onthou (ook dié wat in ander gemeentes is).

  .....

  .....

  .....

- Hoeveel belydende lidmate is daar nou in die gemeente? .....
- Hoeveel dooplidmate? .....
- Hoeveel gesinne? .....

LEER

Hierdie week se memoriseerteks is Romeine 8: 17b: *Ons is erfgename van God, erfgename saam met Christus.*

AFSLUITING

Sluit af met ’n gebed, of laat een van die kinders ’n gebed doen soos vooraf met hom of haar gereël.